LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL
WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800
TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978
E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za / personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

2 Februarie 2017

**Omsendbrief 5/2017**

Geagte Ouers

# Dink nuut!

Let asseblief op die volgende inligting:

**A. Sport**

***Toutrek***

Baie dankie aan almal van u wat die afgelope Saterdag by die skool was om die toutrekspanne te ondersteun. Dankie ook aan ons spanne en afrigter, ons ouers vir hulp die dag met verkope en die toutrekkomitee vir al die reëlings getref. Sterkte met die res van die seisoen wat voorlê.



***Atletiek***



Die zonebyeenkoms vind eerskomende Saterdag vanaf 09:00 tot 12:00 by Fish Hoek Primary School plaas. In ons atletiekzone is 17 skole wat vanjaar aan atletiek deelneem. Die organisering van die zonebyeenkoms wissel jaarliks tussen skole. Vanjaar is dit ons skool en Laerskool Paul Greyling wat gesamentlik die byeenkoms aanbied. Baie dankie aan al ons personeellede vir harde werk asook diegene wat as beamptes gaan optree. ‘n Spesiale woord van dank aan ons atletiekorganiseerder, mev. A. Laing, wie verantwoordelik is vir al die administratiewe reëlings. Sterkte aan ons skoolspan met Saterdag se deelname.

***Swem***

Ons swemspan is druk besig met voorbereiding vir die swemgalas.



***Mini-krieket***

Sterkte aan ons mini-krieketspan met die wedstryde wat volgende week begin.

**B. Nuwe bord by ingang**

U sou oplet dat daar eergister ‘n nuwe verwelkomingsbord by die ingang van ons skool op die eiland aangebring is.

Baie dankie aan Saxion Universiteit van Nederland, wat die bord geskenk het, asook ‘n ouerpaar van ons skool, mnr. en mev. G. Vermeulen, vir die ontwerp.

**C. School Communicator**

Op hierdie stadium behoort u elkeen al die nodige inligting te hê oor die School Communicator. ***Diegene wat dit nog nie opgelaai het nie, moet dit asseblief so spoedig moontlik doen.*** Ons gaan volgende week ‘n opname daaroor uitstuur om ons rekords op datum te bring.

d6 SCHOOL COMMUNICATOR Connecting with parents

**D. Skooldrag**

Ons het die volgende voorraad ontvang: skooltruie (langmou/mouloos), swartpette, swempette, windjakkies en skorts. Ons wag nog op ons skooltasse, sportsakke, hempwapens en t-hemde.

Voorspoed met die res van die kwartaal se verpligtinge.

**E.L. KÄSNER**
***SKOOLHOOF***